

Doeleind van hierdie begeleidingsmateriaal oor Dissipelskap:

- om jou vertroud te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdisipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal sy eie ritme.



**Los jou
vingerafdruk**

Ontmoeting 9 – Lewensruimte: Wees in die wêreld

Inkarnasie-leefstyl

(Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 41-44)

1. Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid

- 1.1. Luister na Retief Burger se weergawe van God is hier teenwoordig. Soek God is hier teenwoordig – Retief Burger op YouTube.

- 1.2. Of: Sing Liedboek 159:



L159.mp3



God is hier teenwoordig;
laat ons biddend nader,
hier waar ons voor Hom vergader.
God is hier teenwoordig.
Heilig is die Here;
buig in stilte, Hom ter ere!
Wie Hom roem, wie Hom noem
Heer en Hemelvader, kom nou almal nader!

God is hier teenwoordig.

Here, gee ons vrede,
 wees genadig, wil vergewe.
 Ons is swak en sondig,
 maar ons lied verkondig:
 U's die bron van alle lewe.
 U is Heer, U regeer.
 Lei ons al ons dae na u welbehae.
 God is in sy tempel;
 hemelpoorte bewe,
 almal buig voor Hom wat lewe!
 Engele sing: Heilig,
 heilig is die Here,
 in die allerhoogste sfere!
 Uit die stof klink ons lof:
 Here, God van vrede, hoor ook ons gebede


2. Lees:

1.1. Bybelteks:

- 1.1.1. Vertel vir mekaar die verhaal van Jesus wat sy dissipel se voete gewas het.
- 1.1.2. Lees Joh 13:1-17.

1.2. Leefstylgids – Dissipelskap


- 1.2.1. Lees die paragraaf op bladsy 41 van die Leefstylgids Dissipelskap: **Ons maak Jesus teenwoordig: Dit is ons DNS.**



2. Luister en Gesels

2.1. Ons maak Jesus teenwoordig: Dit is ons DNS.

- 2.1.1. **Die gemeenskap van Jesusvolgelinge groei:** Waar in ons gemeenskap sien julle nuwe geloofsgemeenskappe (kerke) tot stand kom? Wie is hierdie mense? Wat sê hierdie verskynsel vir ons?



2.1.2. Kontekstualisering:

- Dink julle ons gemeente (of die NG Kerk) is nog relevant?
- Wat sal ons meer relevant maak?

2.2. Vier dimensies van 'n Inkarnasie-leefstyl

- 2.2.1. Die 4 dimensies word uitgebeeld op bladsy 41 en beskryf op bladsy 42.

2.2.2. Inkarnasie-leefstyl: Ons is teenwoordig by mense (presensie):

- By wie is ons teenwoordig?
- By wie behoort ons ook nog teenwoordig te wees?

2.2.3. Inkarnasie-leefstyl: Ons deel mense se lewensruimte (naby wees):

- Wie is die mense met wie julle lewensruimtes deel?
- Hoe kan julle meer intensioneel teenwoordig wees?
- Wie mis julle teenwoordigheid (het dit nodig)?

2.2.4. Inkarnasie-leefstyl: Ons dien in nederigheid (magteloos, weerloos wees)

- Is daar tekens van mag (of magspeletjies) in ons geloofsgemeenskap (Kerk, gemeente)?
- Waar dien julle?
- Wat beteken die volgende gedagte vir julle: Dien nou waar jy is met wat jy het?
- Watter 20% dien sal 'n 80% verskil in ons samelewing maak?

2.2.5. Inkarnasie-leefstyl: Ons bring Goeie Nuus

- Wat is die beste nuus wat die wêreld kan ontvang?
- Hoe kan julle opportuniste wees vir God se nuwe wêreld?

3. Gaan leef

- 3.1. Kyk na die **Geloofsgewoonte** op bladsy 43-44 van ons Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 – Dissipelskap. Hierdie Geloofsgewoonte help ons om inkarnasioneel te leef (omgee en dien).
- 3.2. Vertel vir mekaar wat julle bereid is om te gaan doen.



4. Afsluiting

- 4.1. Doen voorbidding vir alle vorme van nood in ons gemeenskap en land.
- 4.2. Doen 'n dankgebed.